Op die jongste Swartlandskou: sweepmaker Tol Sinclair (middel) saam met Hoffie van Blerk (links) en Willem Smith, beide van Malmesbury

Die swiep in die sweep

deur **Hennie Basson**

Toe die SA Vlaam- en Hackneyrasse onlangs hulle eeufees met 'n gesellige onthaal op Moorreesburg gevier het, is 'n sweepmaker genooi om as geleentheidspreker op te tree. Hierdie keuse het dalk 'n paar wenkbroue laat lig, maar beslis nie van diegene wat al met hierdie Pretorianer te doene gehad het nie.

Tol Sinclair beskou homself inderwaarheid nie as 'n sweepvlegter, soos wat hierdie ambagslui in die algemeen bekend is nie. Hy sien homself eerder as 'n sweepmaker – 'n vaardigheid wat hy tot 'n kuns vervolmaak het.

Meer as net 'n stokperdjie

Hier het ons beslis nie net te doen met 'n persoon wat die een dun riem oor die ander vleg en dan daarmee spog dat hy 'n sweep gemaak het nie. Wanneer Tol sy handvaardigheid ten toon

stel en met gesag oor hierdie beroep gesels, besef jy dat dit veel meer professionaliteit verg as wat in die algemeen besef word. Dit is in werklikheid 'n gespesialiseerde vakmanskap wat die skep van 'n unieke produk vereis. Daar is immers ook nog die sweepstok wat in harmonie met die sweep, 'n eenheid moet vorm.

Wanneer iemand soos Tol, wat die sweepmaakbedryf in Australië gaan beproef het, oor plaaslike tekortkominge gesels, kom jy tot die besef dat die sweepmaak-opset hier ver tekortskiet. Hier is hoegenaamd nie die kundigheid wat in Australië gevind word nie, sê hy.

Australië is wel alle lande voor in dié opsig, maar die gehalte van swepe wat in die algemeen hier gevind word en die kennis oor hierdie vaardigheid waaroor sogenaamde plaaslike sweepmakers beskik, is net nie aanvaarbaar nie. "Dit is skandalig om te sien watter lae gehalte grondstowwe vir die maak van swepe gebruik word. Dat van ons mense selfs swepe herstel deur van nylontou of selfs draad gebruik te maak," sê hy.

Kangaroevel-kunswerke

Hierdie gewese bestuurskonsultant wat in die Karoo grootgeword het, is werklik van die weinige in die land wat met gesag oor sweepmaak kan gesels. Nadat hy sy vakmanskap in Australië voltooi het, het hy met die ware edelheid van dié beroep kennis gemaak en het hy besef dat die eindproduk 'n ware kunswerk moet wees. Elke sweep moet as 't ware vooraf ontwerp word.

Nou weet hy ook dat kangaroevel by verre die mees geskikte ter wêreld is vir die vervaardiging van swepe. In Suid-Afrika is hy ook die enigste wat hierdie ingevoerde leer vir sweepmaak gebruik. Dit word in 'n gelooide vorm ingevoer. Kangaroevel is gladder as byvoorbeeld beesvel en dit is die sterkste gladde vel per desimeter wat beskikbaar is. "Boonop sit dit die swiep in 'n sweep wat die gebruiker daarin soek," sê Tol.

Nogtans wil hy beklemtoon dat 'n sweep nie gebruik moet word om 'n perd mee te slaan nie. Dit moet net as 'n geraasmiddel en as aansporing vir die dier dien.

Slyp maar jou messie

'n Verdere punt van kritiek wat hy teenoor plaaslike sweepmakers het, is die feit dat die messies wat hulle gebruik om rieme mee te sny, nie altyd skerp genoeg is nie. "Dit is 'n gesofistikeerde kuns en die messe wat gebruik word, moet só skerp geslyp wees dat 'n mens so te sê met dit kan skeer."

Op die Swartlandskou, waar Tol gewys het hoe hy nie minder nie as agt rieme gelyktydig kan vleg, was hy gereeld omring deur van die weinige vertoners, koetsiers en leiselhouers wat nog met 'n agtperdespan kan skou – SA Vlaamperdmanne soos Patat Basson, Piet Serdyn, Hoffie van Blerk, Willem Smith, Boeta Smit en Jan Nelson.

Tol is immers die enigste sweepmaker in die land wat nog swepe vir 'n agtperdespan vervaardig. Op 'n Bolandse skou soos dié en ook op die pas-afgelope Nasionale Trekperdfees in die Agter-Paarl, was die vraag na lang swepe buitengewoon, sê hy.

Erfenis

By die Fees was hy omtrent gepeper met vrae oor mense wat oor ou swepe van 'n oupa of grootjie beskik en dit wil laat herstel vir herbenutting. "My antwoord aan die meeste van hulle is dat hulle dit eerder moet bewaar en as 'n vertoonstuk in die huis moet uitstal en dit sodoende aan die nageslag moet oordra."

Net soos die voorsitter van die SA Vlaamperdtelersgenootskap, Piet Serdyn, is Tol 'n groot voorstander vir die stigting van 'n gilde of meer as een gilde vir beroepe verwant aan die trekperdbedryf.

Volgens Tol is Australië ook in dié opsig 'n voorbeeld vir ander lande. Daar is 'n nasionale sweepmakersvereniging wat geesdriftig ondersteun word en skoue word vir sweepmakers gehou wat met die beoordeling van swepe gepaardgaan. Boonop word van die persoonlike besittings (soos swepe) van die mees legendariese persoonlikhede in die landelike geskiedenis van die land in museums uitgestal. **SAH**